



VISIE, MISSIE EN WAARDES

VOORWOORD

Hierdie beleid is onderhewig aan veranderinge soos bepaal deur operasionele behoeftes van Junior Akademie en mag sonder vooraf kennisgewing aangepas word.

Junior Akademie se Raad van Bestuur nooi ouers om gebruik te maak van ons oop-deur-beleid en om hande te vat met opvoeders. Ouers word aangemoedig om betrokke te wees, deel te neem aan projekte, verhoudings te bou en hoë diensstandaarde te help verseker.

Junior Akademie (hierna genoem JA of die sentrum) se dienslewering is op Christelike beginsels gegrond. Ons is gefokus op kindgesentreerde onderrig waar ons kinders speel-speel holisties leer met konsekwente dissipline, roetine en gerigte aktiwiteite as vertrekpunte. Ons personeel is nie taakgedrewe nie; ons fokus is ons kinders.

VISIE

Om 'n veilige leeromgewing van hoë kwaliteit aan babas en kleuters te bied sodat elkeen die geleentheid het om speel-speel sy of haar volle potensiaal te bereik.

MISSIE

1. 'n Holistiese opvoedingsbenadering word gevolg om die omvattende belange van die kind (sosiaal, intellektueel, emosioneel en fisies) as eerste prioriteit te behou.
2. Elke kind se individuele ontwikkeling is JA se fokus.
3. 'n Kultuur van koestering met Christelike norme en waardes word gehandhaaf.
4. 'n Veilige, liefdevolle en praktiese omgewing word geskep vir kinders.
5. Die welsyn en veiligheid van kinders word deurgaans gemonitor.
6. Vroeë intervensie word toegepas deur leerders met ontwikkelingshindernisse of gedragsprobleme so gou as moontlik na gespesialiseerde kundiges te verwys.
7. Professionele en etiese besighedspraktykte word gehandhaaf.
8. Die gemeenskap se bewustheid en ondersteuning vir vroeë kindontwikkeling word bevorder.
9. Goeie verhoudings en kommunikasie met buurskole word gehandhaaf.
10. Ouerbetrokkenheid word aangemoedig en inligtingsessies/werksinkels vir ouers van voorskoolse kinders word gereël.
11. Formele en informele personeelopleiding word deurlopend gefasiliteer om te verseker dat JA tred hou met nuwe tegnologie en opvoedkundige benaderings.
12. Gekwalifiseerde personeel word aangestel, werksbevrediging word bevorder en personeelomset word beperk.



Unielaan 1, Uniepark, Stellenbosch, 7600



Posbus 6114, Uniedal, 7612



Sel: 063 732 1166



E-pos: admin@juniorakademie.co.za



Web: www.juniorakademie.co.za



13. Opbouende intrapersoonlike en interkulturele verhoudings word bevorder en respek word tussen leerders en personeel gevestig.
14. Daar word uitgereik na ander VKO-sentrums in ons gemeenskap deur opleidingsgeleenthede.

WAARDE- EN BELEIDSDOKUMENT

DOEL VAN DIE DOKUMENT

1. Die waardes waarvolgens die sentrum bestuur word, word aan ouers en potensiële ouers gestipuleer.
2. Die beleid poog om ouers in te lig rakende die hantering van verskillende belangrike sake om optimale funksionering van die sentrum te verseker.

WAARDES VAN JUNIOR AKADEMIE

1. CHRISTELIKE GELOOF

- 1.1 Die Kleuterskool is 'n Christelike kleuterskool en word volgens Christelike beginsels bedryf.
- 1.2 Vir Junior Akademie staan die volgende drie sake voorop:
 - Liefde vir God
 - Liefde vir self
 - Liefde vir ander

2. DISSIPLINE

- 2.1 Dissipline is gerig op die kweek van gehoorsaamheid by kleuters.
- 2.2 Stiptelikheid van personeel en ouers word verwag.
- 2.3 Toepassing van dissipline geskied op 'n positiewe wyse (nie afbrekend nie), om die kind na sosiaal aanvaarbare gedrag te begelei.
- 2.4 Om die omgee-kultuur van ons sentrum te weerspieël deur die belange van ons kinders eerste te stel en wangedrag in alle opsigte professioneel te hanteer.
- 2.5 Om 'n oop-deur-beleid te handhaaf.
- 2.6 Redelikheid, waardigheid en selfbeheersing word behou wanneer dissipline toegepas word.



3. VEILIGHEID

- 3.1 Kleuters moet geborge voel. Die juffrou/assistent/tannie tree as plaasvanger vir ouers op wanneer kleuters by JA is.
- 3.2 Sekuriteit en veiligheid van kleuters is van kardinale belang.
- 3.3 Veiligheid is 'n gedeelde verantwoordelikheid.
- 3.4 Alle ouers en besoekers moet elke keer wat hulle die perseel betree of verlaat seker maak die hek- of houtdeur is deeglik toegemaak ('n kliek geluid word gehoor wanneer die hek sluit).
- 3.5 Enige verdagte persone of situasies of foute met die sekuriteitstelsel moet onmiddelik by die kantoor gerapporteer word.
- 3.6 Ouers moet bedag wees op verdagte persone buite die sentrum en daarom voertuie sluit en geen waardevolle items oop en bloot laat nie. Ouers moet paraat wees aangesien mens meer blootgestel is aan misdaad as jou aandag by jou kinders is.
- 3.7 Gemagtigde persone moet verseker dat geen ongemagtigde persone die perseel saam met hulle betree nie. Indien daar onsekerheid oor die bona fides van 'n besoeker bestaan, moet die besluit oor toegang tot die perseel eerder aan die personeellid op kantoordiens oorgelaat word. Enige kleuterskool is 'n sagte teiken en dit is noodsaaklik dat wetsoortreders ten alle koste buite gehou word.
- 3.8 As 'n voorkomingsmaatreël behou die skool die reg voor om te vereis dat besoekers 'n afspraak maak.
- 3.9 JA behou ook die reg voor om enige tyd te vereis dat persone wat ons sentrum besoek (ouers en voogde ingesluit) 'n amptelike identifikasiedokument vir verifikasie voorlê. Sodanige sekuriteitsmaatreëls is veral noodsaaklik in die geval van nuwe leerders en wanneer aflospersoneel aan diens is.

3.10 Alle besoekers moet by ontvangs rapporteer sodra hulle die perseel betree.

- 3.11 Leerders, boeties, sussies of ander kinders word nie toegelaat om kinders te kom haal by die sentrum nie.
- 3.12 Leerders se aankoms en vertrek moet in die in- en uittekenregisters aangeteken word. Hierdie dokument bevestig 'n leerder se teenwoordigheid en bespaar tyd wanneer een van die ouers skakel om te verneem of hul kind alreeds afgehaal is. Kinders word onder geen omstandighede sonder vooraf kennisgewing van hul ouers deur enigiemand anders as hul ouers uitgeteken nie.
- 3.13 JA aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige voorvalle wat mag plaasvind nadat ouers/voogde/gemagtigde verteenwoordigers die leerder uit die sorg van die personeel geneem het nie. Dit sluit voorvalle in wat op die skoolperseel mag plaasvind.
- 3.14 Dit is ouers se verantwoordelikheid om JA in kennis te stel van enige veranderinge in kontakbesonderhede, byvoorbeeld woonadres, kontaknommers, inligting van gemagtigde persone, ens.



4. PROFESSIONALITEIT EN UITMUNTENDE DIENSLEWERING

- 4.1 Professionele en uitmuntende dienslewering word in alle opsigte gelewer.
- 4.2 'n Spesiale klem word op geplaas op professionele kommunikasie en skakeling met ouers.
- 4.3 Professionele dienslewering laat reg geskied aan die liefdestaak van vroeë-kind-ontwikkeling.

5. RESPEK, INTEGRITEIT EN LOJALITEIT

- 5.1 Selfrespek en eiewaarde word gekweek en as belangrik geag.
- 5.2 Wedersydse respek tussen personeel, ouers en kinders word verwag
- 5.3 Individualiteit van personeel, ouers en kinders word gerespekteer.
- 5.4 Die perseel, geboue en speelgoed word deur personeel, ouers en kinders gerespekteer.
- 5.5 Integriteit en lojaliteit word van personeel en ouers verwag en by kinders gekweek.

